BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Bergrede: Beginsels vir Christene

# Deel 1 – Woede

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Is jy 'n persoon wat vinnig kwaad word of vat dit baie vir jou om kwaad te word? Verduidelik.**

**Baie keer kyk ons na klein kinders en sien hoe hulle 'n *tantrum* (woede-uitbarsting) het omdat hulle nie hulle sin kry nie. Dink jy die rede vir volwassenes wat kwaad word verskil van dié van kinders? Hoe vergelyk dit met Jakobus se opsomming in Jakobus 4:1-2?**

**Hoe hanteer jy dit as jy agterkom iemand is kwaad vir jou? Konfronteer jy die situasie of vermei jy dit? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jakobus 1:19-20. Watter rede gee Jakobus hoekom mense kwaad word? Hoe het jy dit al in jou lewe gesien?**

**Efesiërs 4:26-27. Hoekom wil Paulus hê moet ons vinnig vrede bewerk met ander? Hoekom stry ons so baie keer daarteen?**

**Prediker 4:17; 7:9. Hoe beskryf die Bybel iemand wat gou kwaad word? Wat dink jy van hierdie stelling?**

**Spreuke 30:33 en Lukas 6:45. Wat kom uit jou as jy gekarring word of nie jou sin kry?**

**Psalm 37:8. Wat vloei uit woede volgens hierdie vers?**

**In Matteus 5:21-26 maak Jesus dit duidelik dat ons nie kwaad moet wees vir iemand nie en ook dit moet probeer regstel indien iemand vir ons kwaad is oor iets wat ons gedoen het. Hoe meet jou lewe tans hierteen? Is daar mense vir wie jy nog kwaad is of wat vir jou nog kwaad is? Wat kan jy doen om dit reg te stel?**

**In die preek is Jesus se model in Matteus 18 verduidelik. Hoekom dink jy is dit belangrik om Jesus se model te volg om konflik op te los? Hoe kan jy dit hierdie week gebruik indien daar 'n situasie in jou lewe is? Deel met jou groep.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**